**KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG**

**TIERKLOOF DAGSTAP**

**23 AUGUSTUS 2025**

Vanweë verskillende persoonlikhede en voorkeure, verskil herinneringe aan staptoere uiteraard van mens tot mens, en dit is goed so. Dink net hoe vervelig dit sou wees as almal dit presies dieselfde ervaar het! Dan is daar spesifieke gebeurtenisse wat saam met spesifieke staproetes gaan, soos Annemarie Roeloffze se skielike heengaan op die naweekstap op die Tierkloof-Oukraal staptoer in Maart vanjaar, en Nanie Janse van Rensburg, wat die dagstap in Tierkloof op 23 Augustus 2025 gereël het, se skielike afsterwe ’n week vantevore. Hierdie twee pragtige mense was prominent in ons gedagtes tydens hierdie dagstap, en dit was ’n voorreg om hulle lewens ook in herinnering te roep.

Die Oudtshoorn-groep het 07:20 vanaf die Pick n Pay parkeerterrein vertrek, skuins voor 8 by die kantoor in die Gamkaberg aangekom en die nodige betalings en administrasie afgehandel. Hoewel ’n koelerige windjie gewaai het, was dit heerlike mooiweer met genoeg sonskyn. Die feit dat daar nie eintlik blomme was nie terwyl ons heelwat blomme verwag het, was ietwat teleurstellend, maar die lekker groep en die mooi tonele in die kloof het daarvoor opgemaak en bygedra tot ’n goeie ervaring.



*VLNR: Suezette Smit, Wilhelm Joubert en sy twee seuns Josua en Stefan, Karin Lubbe, Alta Malan, Kariena van Rooyen, Harriet Marais, Marike Muller, Danie Whieler, en Cassie Coetzee. Foto: Danie Steyl*

Op ’n staptoer is jou voete die belangrikste bate wat jy het, want hulle moet jou dra, en sonder hulle kom jy nie daar nie. Daarom is dit belangrik dat ’n mens dit vir jou voete so gemaklik as moontlik moet maak om jou te dra. Sterk, gemaklike stapskoene, verkieslik dié wat jou enkels ook ondersteun, lewer ’n groot bydrae om jou voete baie vermoeienis te spaar. Tierkloof is een van daardie plekke waar jy jou enkels en skoeisel kan toets. Die grootste gedeelte van die dag se stap het in ’n rivierbedding met baie klippe langs geloop, en ’n mens moes taamlik konsentreer om jou balans op die los klippe te hou. Eweneens is ’n goeie stapstok war vir jou werk ook in so ’n moeilike terrein ’n byna onontbeerlike hulpmiddel.



*Die paadjie is maar rof met al die los klippe....*

Tierkloof het 'n groot verskeidenheid bome, onder andere die grootste spekboom wat ek nog gesien het, en verskeie kiepersolbome. Die pragtige varkore was ook iets besonders.



*'n Reuse spekboom waaronder Danie staan, en 'n reuse varkoorplant*

Die afstand van die beginpunt tot by die oorhang is 8 km – 16 km heen en terug. By die oorhang het ons sowat 'n halfuur vertoef om ons middagete te geniet. en daarna die pad terug gevat.




*Die aanwysings is goed, en die oorhang bied 'n lekker skuiling en rusplek*

Geen staptoer is heeltemal sonder pyn nie, en heelwat van ons gaan 'n paar dae rus. Genadiglik het almal veilig by die eindpunt aangekom en sien uit na die volgende stap. Met goeie en mooi herinneringe aan Annemarie en Nanie!

Tot volgende keer!

**Danie Steyl**